JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 23 05 Aug – 12 Aug 2022

LANDLOOP
Baie geluk aan Stefan Erasmus wat 6de plek behaal het tydens Vrydag, 29 Julie se liga in Bloemfontein.
Die volgende byeenkoms is die Vrystaat Kampioenskappe en vind plaas op Saterdag, 13 Augustus.

TENNIS
Novals Tennistoernooi in De Aar vind plaas op 21-22 Oktober. Kontak Liané indien jy jou kind wil inskryf. Daar is 'n "link" waarmee betaal en ingeskryf word. Slegs beperkte plekke is beskikbaar. Hulle is reeds 50% vol.
Baie sterkte aan die 4 seuns wat Maandag, 8 Augustus aan die Rising Stars finale in Bloemfontein gaan deelneem.

- *Leo Wilkinson*
- *SW Engelbrecht*
- *Adriaan Burger*
- *Dylan Britz*

ATLETIEK
Ons het 'n uitnodiging ontvang vir die Jim Fouché Atletiek Byeenkoms op Saterdag, 29 Oktober. Ouers is verantwoordelik om hul kind/ers self te vat. Die skool doen slegs die inskrywing. Indien u kind ingeskryf moet word, moet u asseblief vir Liané kontak.

KRIEKET
Daar is baie min 0/9 krieketspelers. Ons vra asseblief dat julle die Gr.3 seuntjies en dogtertjies sal aanmoedig om krieket te speel, anders gaan ons ongelukkig die 0/9 krieket moet onttrek hierdie jaar.
Daar moet nuwe krieket kouse bestel word. Voorbeeld is aangeheg, die Jakkieman is agter op die kuit. Kouse kan gekoop word teen R150 en kan Woensdag, 10 Augustus by Liané betaal en bestel word, leerders moet so gou as moontlik vir haar hul grootte van kous kom sê. 0/9 – 0/13 MOET met hierdie kouse speel.
S – Size 13-3
M – Size 4-7
L – Size 8-10
XL – 10-12

SPORTBELEID
Ouers moet asseblief daarop let dat die beheerliggaam op 'n vergadering op 1 Augustus besluit het om 'n toevoeging tot die sportbeleid te maak as volg:
Geen ouer/s sal toegelaat word om hul kind/ers by sportveld/baan op of af te laai nie. Ouers word versoek om buite die terrein te stop. Geen ouer/s sal toegelaat word om langs die veld/baan teenwoordig te wees tydens sport oefeninge/afrigting nie.

OPEDAG
Jakkies se opedag gaan plaasvind op 9 September en begin om 09:30. Versprei asseblief die woord. Advertensie is ook op ons facebook blad (Jakkieloer). Almal is welkom.

NAUTILUS
U word herinner aan Nautilus wat gaan plaasvind op Saterdag, 20 Augustus in Bloemfontein. Koste : R200
Die sluitingsdatum het verander na Woensdag, 10 Augustus.

KONSERT BESTANDDELE
Hier volg 'n lys van bestanddele wat benodig word vir die konsert. Indien u iets kan/wil skenk kan u dit na Liané stuur vanaf Woensdag, 10 Augustus. 'n Kontantdonasie is ook welkom. Voorlopig baie dankie.

- Maalvleis
- Kaas (Cheddar of Feta)
- Olywe
- Biltong
- Eiers
- Cocktail worsies
- Peanuts
- Marshmallows
- Konfyt
- Popcorn (Ongeskiet)
- Koekmeel
- Droëwors
- Rice Crispies (Kellogg's Original)
- Agurtjies (Heel)
- Rosyntjies
- Suiker (Bruin en wit)
- Soutkoekies (Salticrax, Bacon Kips ens)

PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Ivan / Eli Ramsauer – Oupa Oorlede
Dané van Eeden – Ouma Grootjie oorlede

Annie's

Naaldwerk & Herstelwerk

Anneke Smit

083 260 4238

annekesmitt@gmail.com

* Alle naaldwerk
* Herstelwerk van klere
* Beanbags / Warmpakke

Kosbare Vrou...

So mooi en kosbaar soos 'n fyn stukkie kant,
is elke vrou geskep deur God se hand.
So presies het Hy jou menswees geweef,
voordat jy geweet het jy leef.
Ken jy jou waarde kosbare vrou?
Ken jy Hom, want Hy ken jou?

Jy is 'n juweel,
'n pêrel,
'n blink
diamant,
Hy hou jou
styf in Sy
Vaderhand!

Geseënde Vrouedag!